{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee
DOOP: Reon Janse van Rensburg

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

WYDING:

Gesang 163 > Soos ‘n wildsbok smag na water, smag my siel na U, o Heer. U alleen is my hartsverlange en ek bring aan U die eer. U alleen is my bron van krag; in U teenwoordigheid wil ek wag.

VOTUM:

God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring. Bedaar en erken dat Ek God is,

hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. Sela (vgl. Psalm 46: 2-14).

SEËN:

Genade en vrede word aan ons geskenk deur God ons Hemelse Vader en die Here, Jesus Christus. – Filippense 1: 2 (AFR2022).

GELOOFSBELYDENIS:

Vandag bely ons ons geloof met die sing van Gesang 260: 1, 3, 6 en 8.

Wisselformulier vir die bediening van die doop:

Gemeente van ons Here Jesus Christus!

God het ons lief en ons is sy kinders lank voordat ons van God bewus raak. Dit word deur die doop bevestig. Die doop is een van die kerk se twee sakramente. Dit gee sigbaar uitdrukking aan God se verbond met ons. Die doop getuig dat ons deel het aan die liggaam van Jesus

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Christus op grond van sy versoeningsdood en die werk van die Heilige Gees. Die genade van God, die liefde van Jesus Christus en die gemeenskap met die Heilige Gees het betekenis vir ons hele lewe. Daarom doop die kerk kinders van God. Die doop van hierdie kind van God herinner ons vandag opnuut aan ons eie doop.

Ons glo dat die Kerk die opdrag uit die evangelie het om mense in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop. Die doop in die Naam van die Vader getuig van ons nuwe verhouding met God. Die doop in die Naam van die Seun bevestig aan ons die verlossing deur Christus. Die doop in die Naam van die Heilige Gees is die waarborg dat die Gees van God in ons wil bly en voortdurend ons lewe nuut maak.

Die doop roep ons op om God lief te hê. Dit is belangrik dat gelowiges die betekenis van hulle doop sal uitlewe. Ouers en die gemeente moet daarom hulle kinders leer wat die doop beteken. Ons kinders behoort in die lewe

van die gemeenskap van gelowiges te ervaar wat dit beteken om aan God te behoort.

Die doopouers (Kobus en Simone Janse van Rensburg) word nou versoek om na vore te kom en hier in teenwoordigheid van God en die gemeente, eerlik op die volgende vrae te antwoord:

1. Glo julle dat ons en ons kinders ondanks ons sonde deur God in genade aangeneem is?

2. Glo julle dat die evangelie alles bekend maak wat nodig is vir ons verlossing, soos belig in ons belydenis?

3. Belowe julle om jul kind te leer wat die doop beteken en te laat grootword in die geloofsgemeenskap van Christus?

Wat is hierop julle hoorbare antwoord? Ja.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Reon Janse van Rensburg, ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Amen.

DANKGEBED:

Dankie, Here, dat ons as gemeenskap van gelowiges by hierdie geleentheid daarvan oortuig kan wees dat:

U as Vader ons liefhet;

U Seun ons red;

U Gees in ons harte woon.

Dankie, Here, dat ons opgeneem is in u verbond.

Dankie dat u hierdie gedoopte sigbaar as u kind aangeneem het.

Dankie dat ons deel kan wees van hierdie gemeenskap wat aan ons ‘n geestelike tuiste bied.

Dankie dat ons hier u evangelie kan hoor en gemeenskap met U en met mekaar uitleef.

Neem tog ons lof en aanbidding aan.

Here, lei ons – en in besonder hom wat pas gedoop is – om altyd die warmte van u nabyheid te ervaar en altyd tot u eer te lewe.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Inspireer ons om altyd na ander uit te reik.

Vader, gee dat ons die betekenis van ons doop ons eie sal maak.

Jesus, Here, gee dat ons lewe van u verlossende teenwoordigheid sal getuig.

Heilige Gees, vervul ons sodat ander in ons lewe kan sien dat U ons lei en troos.

Ons bid vir die doopouers, gedoopte en die gemeenskap van gelowiges. Gee aan ons die krag en geleenthede om ons voorneme getrou na te kom.

Ons bid dat Reon tuis sal wees in die geloofsgemeenskap van Jesus Christus, die Here.

Amen

Kom ons sing oor Jesus wat die kindertjies roep: Gesang 294: 1-3

DIE VERMEERDERING VAN ISRAEL IN EGIPTE

[1]Hier volg die name van die Israeliete wat saam met Jakob na Egipte toe gekom het, elkeen met sy gesin: [2]Ruben, Simeon, Levi en Juda; [3]Issaskar, Sebulon en

Benjamin; [4]Dan, Naftali, Gad en Aser. [5]Jakob het sewentig afstammelinge gehad. Josef was toe al in Egipte.

[6]Met verloop van tyd het hy en al sy broers, daardie hele geslag, gesterwe. [7]Die Israeliete was vrugbaar en het vermeerder. Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle.

DIE FARAO PROBEER DIE GETAL VAN DIE ISRAELIETE BEPERK

[8]Toe 'n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers, [9]het hy vir sy volk gesê: “Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons? [10]Kom ons bedink 'n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons te veg en ons land te oorweldig.”

[11]Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Rameses vir die farao bou. [12]Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het

hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so 'n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle. 13Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israeliete 14en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen.

15Die Egiptiese koning het vir die Hebreeuse vroedvroue Sifra en Pua gesê: 16“As julle 'n Hebreeuse vrou by geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit 'n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogter is, mag sy bly lewe.”

17Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe.

18Die Egiptiese koning het die vroedvroue ontbied en vir hulle gevra: “Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?”

19Toe antwoord die vroedvroue die farao: “Die Hebreeuse vrouens is nie soos dié van Egipte nie, hulle is sterk van

gestel: voordat die vroedvrou by hulle kom, is die kind al gebore."

[20]As gevolg hiervan het die volk aanhou vermeerder en baie talryk geword. God het toe die vroedvroue self ook voorspoedig gemaak. [21]Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.

[22]Daarna het die farao sy hele volk beveel: "Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe."

PREEK:

Geliefdes, daar is onder geleerdes redelik eenstemmigheid dat Moses die grootste gedeeltes van die boek Eksodus geskryf het. Daar bestaan ook geen twyfel dat hierdie boek sy ontstaan oor jare te danke het aan verskillende mense wat mondelinge oorlewerings in een boek opgeteken het nie.

Aan die einde van die boek Genesis kom Jakob en sy familie in Egipte aan. U onthou nog, daar was

hongersnood in Israel en Josef het gereël dat sy mense in die Goosen streek in Egipte kon kom bly.

Nou, ongeveer 430 jaar later, teen die jare 1600vC tot 1250vC, is daar 'n totaal nuwe koning in Egipte aan bewind. Waarskynlikheid is dit Rameses II.

Omdat dit meer as vyf geslagte later is, ken hierdie nuwe koning, nie die geskiedenis van Josef en wat Josef vir Egipte beteken het nie. Hy het 'n nuwe probleem wat hy moet hanteer en hy maak sy planne. Hy was besig met 'n oorlog teen die Hetiete en daarmee was daar nie 'n groot probleem nie, want sy weermag was baie sterker as die van die Hetiete. Maar wat hom bekommerd gemaak het is die feit dat die klomp Israeliete in Egipte baie geword het en hy was bang dat die Israeliete en Hetiete saam sou werk om die Egiptenare te oorwin. Na raming was daar in daardie tyd ongeveer 600 000 Israelitiese mans ouer as 20 jaar. Dit beteken dat die totale bevolking op ongeveer 3 miljoen bereken kon word.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Ons moet egter onthou dat alle geskiedenis wat in die Bybel geskryf staan, bedoel is om heilsgeskiedenis te wees. Dit gaan dus nie so seer om die honderd persent korrektheid van die geskiedkundige feite nie, maar om wat dit vir ons van byvoorbeeld God leer. Nou kan ons vra: wat leer hierdie stuk geskiedenis vir ons van God?

God het aan Abraham belowe dat sy nageslag so baie soos die sand van die see sal word, soos die sterre aan die hemelruim. Dit het dus weereens nie gegaan om presiese getalle nie, maar eerder om te sê God het belowe dat Abraham se nageslag so geweldig baie groot sal word. Dit wil dus vir ons lyk asof God nie net beloftes maak aan die mens nie, maar God kom ook sy beloftes na.

Ja, miskien kom God nie sy beloftes na soos, wanneer en waar ons as mense dit sou wou hê nie, maar God kom wel sy geloftes na. Broers en susters, liewe kinders; dit behoort ook weer nuwe troos vir my en vir julle te bring. Ook ons hier in die een en twintigste eeu, kan maar weet

dat God al Sy geloftes aan ons sal nakom. Ons hoef nie daaraan twyfel nie, want so sekere as wat God die gelofte aan Abraham van 'n groot nageslag gemaak het en dit nagekom het, so sekere sal Hy sy gelofte vandag nog aan ons nakom. God belowe vandag aan elkeen van ons, dat Hy met ons sal wees. Hy belowe ook nog baie ander dinge, maar die een gelofte van God aan ons wat soos 'n paal bo water uitsteek, is die gelofte dat ons vir ewig sal lewe. Ja, ons sal op hierdie aarde nog sterwe, maar Hy sal ons kom haal, sodat ons vir ewig daarna, by Hom sal kan gaan bly.

Liewe gemeen te, ons moet vir geen oomblik hieraan twyfel nie. God maak geloftes, en God kom sy geloftes na. Trouens daar is nie een gelofte wat God in die Bybel aan die mens gemaak het, wat nie waar geword het nie. Kom ons hou op twyfel en weet dit weer verseker!

U weet, ons twyfel soms of God werklik Sy geloftes aan ons gaan nakom, ons twyfel omdat ons dikwels nie dadelik die oplossing vir my probleme kan sien nie, daar

is dalk ook nie dadelik genesing vir my siekte of 'n oplossing vir my krisse nie. Ons twyfel, omdat ons nie werklik glo dat God sy geloftes gaan nakom nie.

Jare gelede ontvang ek ‘n epos: Die e-pos vertel van 'n swaksiende meisie wat gaan bergklim het, so halfpad teen die berg uit het sy op 'n lysie gestaan toe haar klimtou gebreek het. Die klimtou het haar teen die oog geslaan en as gevolg daarvan het sy haar kontaklens verloor. Nou kon sy amper niks meer sien nie. Sy het God gebid dat hy sal help! God het mos belowe. Tog kon sy voel-voel nêrens die kontaklens kry nie. Haar vriende het haar opgehelp, haar klere deursoek, omdat dit dalk kon gebeur dat sy die les in haar klere verloor het, maar helaas, daar was niks. Met die hulp van haar vriende wat haar toe fisies moes lei en ondersteun, het hulle die berg afgesukkel, tog was dit vir hulle lekker omdat hulle mekaar beter leer ken het en omdat hulle mekaar meer nodig gehad het, het hulle meer waardering vir mekaar gekry.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Onder aan die voet van die berg was mense wat nou net begin het met hulle klim ekspedisie. Een van hulle roep toe en vra: Wie van julle het dalk 'n kontaklens verloor. Groot was hulle verbasing, nie so seer omdat die les gevind is nie, dit ook, maar oor die manier waarop dit gebeur het. Die man wat die les gevind het, vertel dat hy die miere op die grond dopgehou het, toe gewaar hy hierdie mier wat 'n kontaklens sleep.

Die jongmeisie se pa was 'n kunstenaar wat hierdie gebeure op doek vasgevang het. Onderaan het hy hierdie woorde van die mier geskryf: Here, hoekom moet ek hierdie swaar ding dra wat ek of my familie nie eers kan eet nie!

Hiermee het hy bedoel dat daar ook soms swaar dinge in ons lewes gebeur wat ons nie op daardie stadium verstaan nie. Dit beteken egter nie dat God nie sy geloftes van sorg nakom nie, nee, Hy kom sy geloftes na, maar op Sy plek, Sy manier en sodat Hy Sy doel daarmee kan verwesenlik.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Terug by die Farao wat vinnig besig is om planne te maak, sodat hy sy probleme kan oplos. Sy plan word 'n drie-punt plan wat daarop gemik was om die Israeliete op hulle knieë te dwing.

Plan een was, om die mense met dwangarbeid so hard te laat werk dat hulle letterlik nie kans sou sien om kinders in die wêreld te bring nie. Hierdie fisiese werk het ingehou dat hulle in die lande sou werk, maar ook stede sou bou. Argeoloë wil dit hê dat die Israeliete die Egiptiese stede Pitom en Rameses gebou het. Dit het egter nie gewerk nie want ons lees dat die Israeliete net meer en meer geword het.

Plan twee moes inwerking gestel word. Die Farao laat roep die twee vroedvroue, Sifra en Pua en gee hulle opdrag om elke Israelitiese seuntjie wat gebore sal word dood te maak. Vroedvroue, seuns en dogters was vrouens wat gehelp het dat babatjies gebore word. Daar

was in daardie tyd nie hospitale waar babatjies gebore kon word met dokters en verpleegsters om te help nie.

Dit is nogal interessant dat net twee vroedvroue se name genoem word, want daar kon mos nie net twee vroedvroue onder al die Israeliete gewees het nie. Miskien was hulle soort van die hoofde van die vroedvroue of miskien word hulle maar net verteenwoordigend gebruik.

Hoe dit ook al sy hierdie vroue doen nie wat die Farao gesê het hulle moet doen nie. Die woedende Farao roep hulle toe in en vra dat hulle moet verduidelik. Hulle vertel toe 'n leun deurdat hulle se elke keer as hulle by 'n vrou kom dan is die babatjies lank reeds gebore. Verder spot hulle met die Egiptenare met 'n stukkie fyn sarkasme: Julle weet mos, se die vroue, die Israelitiese vroue is baie sterker as daardie Egiptiese vroue.

Dit is eintlik effens van 'n probleempie hierdie. Want die vroue is mos besig om teen die owerheid van hulle dag

in opstand te kom. Dit terwyl ons op talle plekke in die Bybellees dat God wil hê ons moet gehoorsaam wees aan die owerheid van die dag. Verder het hulle nog 'n leun ook vertel, en dit is darem duidelik dat die wet van God se: Jy mag nie leuens vertel nie. Om die saak nog verder te kompliseer beloon God hierdie vroue! Wat nou?

In Handelinge lees ons dat Petrus en die ander apostels ook op hierdie vraag moes antwoord: 'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mens!" Seuns en dogters, liewe gemeente dit beteken dus dat God steeds wil hê dat ons aan die owerheid onderdanig moet wees, dit is steeds vir God verkeerd as ons leuens vertel, maar as my onderdanigheid aan die owerheid van die dag sou beteken dat ek ongehoorsaam aan God sou wees, wel dan moet ek eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense.

Dit is presies wat Sifra en Pua gedoen het. God seën hierdie vroue met gesinne. God seën hulle dus met mans en kinders. Liewe gemeente: ons kan in ons gejaagde

lewe so gewoond aan mekaar raak ons kan so gewoond raak aan ons kinders so gewoond aan ons ouers, dat ons net nie meer besef dat ons eintlik 'n seën vir mekaar as huisgesin is nie. Dink net weer 'n bietjie mooi hoe wonderlik is dit om 'n spesiale vrou van God te ontvang, hoe wonderlik is dit dat God vir vroue 'n man gegee het, vir ons kinders gegee het, wat sou ons lewe sonder ons kinders gewees het en steeds wees.

Seuns en dogters, dink net weer mooi hoe wonderlik is dit dat God vir julle ouers gegee het, hulle is nou wel nie volmaak nie, maar hulle is deur God aan julle gegee.

Dit is dus duidelik dat ook hierdie slim plan van die Farao nie gewerk het nie, hy besluit toe op 'n drastiese stap. Hy se vir al die Egiptenare: As julle 'n Joodse seuntjie sien, jonger as twee jaar, wel verdrink dadelik daardie knapie in die Nyl. Ons het dus hier met 'n totale aanslag teen die Israeliete te doen. Die hele Egiptiese volk word ingespan om van die Israeliete ontslae te raak.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Wat gaan gebeur? Gaan God sy geloftes teenoor hierdie volk van Hom hou? Ons sal later verder leer - maar ons kan nou reeds weet - God is 'n God wat beloftes maak en dit onderhou.

Amen.

SLOTSANG:
Jesus neem ons kleine kinders met ‘n hart vol liefde aan; niemand mag dit ooit verhinder dat ons vry na Hom toe gaan. Gesang 293: 1-3

SEËN:
Mag ons die vrede van God se teenwoordigheid voel.
Mag ons oorloop van vreugde omdat ons weet dat God ons oneindig liefhet.
Mag dit ons troos om te weet dat God ons nooit verlaat nie.
Mag ons hart vir God brand.
Mag ons God se goedheid besef en hom prys met ons hele wese.

Tekste: Psalm 46: 2-14; Filippense 1: 2; Eksodus 1: 1-22.
Liedere: Gesang 163; Gesang 260: 1, 3, 6 en 8; Gesang 294: 1-3; Gesang 293: 1-3.

Mag ons gejubel vir God oorloop na ander, sodat hulle hom ook sal vind.

Amen!